

# Uitsprake van grondonteiening

Die volgende mediaverklaring is ontvang vanaf die Vrystaat Landbou oor hoe die VL reageer op uitsprake van grondonteiening sonder vergoeding.

Vrystaat Landbou (VL) het met teleurstelling kennis geneem van die uitsprake van adj. pres. Cyril Ramaphosa, nuutverkose leier van die ANC, rakende die onteiening van grond sonder vergoeding.

VL het gehoop dat hy meer rasioneel en deurdag sal wees met sy uitsprake, maar soos sy voorganger, pres. Jacob Zuma, maak hy uitsprake en beloftes sonder om die gevolge, uitvoerbaarheid en skade wat dit die land kan berokken in ag te neem.

Ongeag uitsprake die afgelope tyd deur die konstitusionele hof waar leiers en selfs die parlement aangespreek is, omdat hulle nie die

grondwet eerbiedig nie, maak Ramaphosa uitsprake in stryd met wat die grondwet, wat hy help skryf het, bepaal.

Die ANC het self die mosie vir onteiening sonder vergoeding wat verlede jaar deur die EFF voorgestel is, in 2017 in die parlement verwerp. "Landbou was nog altyd ten gunste van grondhervorming wat ordelik en ekonomies volhoubaar, binne die riglyne van die grondwet, geskied," het Francois Wilken, president van VL, gesê. VL vra dat Ramaphosa meer duidelikheid gee oor hoe grondonteiening sonder vergoeding kan plaasvind sonder om voedselsekureit, ekonomiese groei en stygende werkloosheid negatief te raak? VL bly verbind tot die grondwet as die basis van enige vorm van grondhervorming en onderhandeling.

## Minimumloon

Plaaswerkers moet nou R3 576 per maand (R18 per uur) verdien, volgens die Nasionale Minimumloon wat in Mei 2018 in werking gaan tree. Volgens Jahni de Villiers van Agri SA is 'n universele minimum, -standaard vir alle werknemers in Suid-Afrika nou gevestig.

'n Ooreenkoms by die Nasionale Ekonomiese Ontwikkelings en Arbeidsraad is bereik tussen die verteenwoordigers, die gemeenskap en die regering dat huiswerkers 'n minimum van R15 per uur moet verdien en

plaaswerkers R18 per uur. Huiswerkers en sekuriteitswagte wat op plase in diens geneem word, word ook beskou as plaaswerkers, dus moet hulle van Mei af R18 per uur betaal word. Dit is dus moeilik om 'n balans te handhaaf tussen die voortbestaan van 'n plaas en die betaling van plaaswerkers aangesien 'n plaas 'n ondernemings is en die bekostigbaarheid van die werkers 'n groot invloed op die finansies mag hê. Indien minimumlone onbeheersd styg, is daar 'n rimpel-effek wat nie geïgnoreer kan word nie.

## Top 10 kosgiere vir 2018

Volgens BBC Food hou 2018 meer avontuurlustige geregte in. Geregte wat vegetaries en vegan-vriendelik is.

**1. Kos wat sag op die dermkanaal is.** Dit is kosse wat probiotika insluit, sowel as prebiotika soos uie en knoffel.

**2. Kompetisie-etes.** Dit behels mense wat gaste oor nooi om 'n kompetisie tuis te hou vir wie die lekkerste kos kan maak.

**3. Alkoholvrye-drinkies.** Die nuwe generasie drink nou minder alkohol, reeds omdat hulle só gesteld is op hul gesondheid. Tonikum en interessante geure en mengsels kan moontlik alkohol vervang in 2018.

**4. Hawaiië geregte.** Peuselbakke is alledaagse kos in Hawaii, hierdie bakke sal moontlik 'n hoofstroomgereg word.

**5. Timut-peper.** Dit is 'n warm en geurige spesery uit Nepal wat 'n pomelogeur het wat 'n warm kriel in jou mond agterlaat.

**6. Spesialiteit-tee.** Die toename vir verkope

van kruietee soos groentee dra by tot die neiging vir nuwe tee-kroeë wat oopmaak. 'n Groot verskeidenheid van tee variasies om van te kies.

**7. Hiper-plaaslike kosse.** Dit sluit in om produkte van die huis af te kweek en te koop.

**8. Heme.** Dit is 'n deurbraak in die voedselwetenskappe om volhoubare vleis-alternatiewe te verseker. Heme is nog nie beskikbaar om aan te koop nie, maar dit bied plantgebaseerde kosse met vleiseienskappe.

**9. Plantgebaseerde proteïen.** Die vegan-gier word deur sjefs ondersteun wat produkte soos tofoe, quinoa en tempoh gebruik om vleis te vervang.

**10. Kostegnologie.** Die tegnologiese ontwikkeling neem die oorhand. Van slimyskaste wat bestanddele raaksien wat opraak in die yskas, die bestellings daarvan tot die aflewering van resepsstelle.

## Neutrale kleure vir 2018

Plascon se kleure van die jaar 2018 is neutrale kleure.

Die kleur Amadeus is 'n aardse skakering met 'n geel tint. Die spesifieke kleur is deur die kleurspan gekies, want dit verskaf balans in die neiging en tree op as grondslag wat 'n diverse palet kan anker.

Die kleurskema Exotic Euphoria herinner aan 'n reënwood, veral teen 'n agtergrond van natuurlike skakerings. Soft Composition is weer bedoel om ruimtes te skep wat gelyk bekend en nuut voel. Dit is ook 'n benadering tot minimalisme vir die hedendaagse leefstyl.

Die kombinasie van Craft Spirit bestaan uit gepigmenteerde kleure, vrugtige aksente en blou wat aan die see herinner. Dit skep 'n gevoel van verbinding en is ideaal vir tekstuurrike leefruimtes.

Hi-Glo is 'n verfrissende mengsel van sitrus-skakerings, primêre kleure en aardse

skakerings. Dit skep jeugdige en gewaagde ruimtes. Dit werk goed saam met kunstige kombinasies en verf-tegnieke.



Heilbron  
**Herald**  
**OUTDOOR BRANDING**  
*Valid Until 28 January 2018*  
058 852 3033 | [heraldgraphics2@heilbron.co.za](mailto:heraldgraphics2@heilbron.co.za)



1x Aluminium Gazebo ( 3m x 3m )

2x Pop-up Banners ( 1.5m x 0.7m )

2x Director Chairs

4x 2m Telescopic Banners ( Singlesided )

1x Cluster Base for banners

( All the above includes custom printing )

For Only

**R 11,995.00**

Excl VAT

ALL PRICES INCLUDE FULL COLOUR PRINT

PRICES EXCLUDES VAT AND DESIGN COST